## Hoofstuk III

# VERENIGINGE EN AFRIKAANS

### (a) Debatsverenigingе

In een van sy bekende briewe aan *De Vriend* (9 Junie 1905), skryf Oom Blikoor (Johannes Visscher, die redakteur van *De Vriend*) dat daar min dinge is waarin hy soveel belangstel, as juis die debatsverenigings.

Vóór die Tweede Vryheidsoorlog was daar in elke distrik van die Vrystaat 'n debatsvereniging, en hulle het almal 'n sentrale bestuur gehad. Elke jaar het hulle 'n kongres gehou. „Ik herinner my nog die laaste kongres wat hul gehou het op Kroonstad. Dit was kort voor die oorlog. Zoo's zoveel ander goeie dinge is hul ook door die oorlog stukkend geslaan, maar die prisoniers-kampe het die ou tradiesie weer opgevat en na die oorlog is hul weer uit die as opgestaan en gaan weer aan net asof daar nooit een oorlog was nie. Hul getal neem weer toe. Die los verenigings begin weer aansluitings te zoek, hul hou weer debatte, net zoo's vroeger.''

Toe ds. Willem Postma in *De Vriend* sy

„manifes'' uitgevaardig het vir die Vrystaat oor die Afrikaanse taal en die algemene erkenning daarvan, het hy ook die middele daartoe aan die hand gegee. In 'n slotartikel, ***Doen is die Ding*** (30 Junie 1905), stel hy voor dat al die debatsverenigings besluit om Afrikaans as hulle offisiële taal te erken, en om soveel moontlik Afrikaanse voordragte, resitasies, ens., te lewer. Terwyl Preller in die Noorde en De Waal in die Suide die kragte wil saamsnoer in 'n genootskap of vereniging, wil ds. Postma in die Vrystaat deur middel van die debatsverenigings werk. „En kan ik mij doel bereik dat al die debats-verenigings onderling verenig in 'n Bond, dan kan ons op so 'n kongres die saak aanpak, en dan weet ik: daar is geen mag op aarde wat ons sal keer nie om te win met onse taal.''

Hier word vereniging van georganiseerde liggame terwille van die taalstryd in vooruitsig gestel as die ideale standpunt om in te neem nadat Afrikaans aanvaar is. Hier begin die saamwerk-gedagte weer posvat soos vroeër by die Genootskap van Regte Afrikaners. 'n Menigte persone het hulle instemming betuig met ds. Postma se artikels en hulle strekking, en die „manifes'' van die beweging in die O.R.K. en in Natal het 'n groot invloed uitgeoefen. Hierna het Visscher in Afrikaans begin skryf in die redaksionele kolomme, en het

sy blad met die grootste bereidwilligheid ten dienste van die beweging in hierdie kolonie gestel.*

Die betekenis van hierdie debatsverenigings in die Afrikaanse taalstryd kan nooit oorskat word nie. Hulle het die Afrikaanssprekendes op die platteland en in die dorpe saamgesnoer en eendragtig laat optree.

Laat ons nou die geskiedenis van één debatsvereniging behandel, nl. dié van Bloemfontein, en dan kan ons sien wat die aard van dié verenigings se werksaamhede was.

Op die vergadering van 23 Maart 1906 was 'n groot getal belangstellende Afrikaanse jonge dames en here aanwesig. Daar was voordragte en resitasies, en ds. Postma het sy vreugde uitgespreek oor die Afrikaanse opstel wat voorgelees is, „omdat dit ons tot nadenken breng oor die Afrikaanse taal wat ons zo skandelik vergeet het. Tog is dit ons skuld en Ds. Postma denk ons moet 'n bietjie oor die uiterst belangrijke zaak skrijwe en vrijwe.''*

Daarna het die vergadering begin debatteer

---

*Vgl. G. S. Nienaber: *Die Afrikaanse Beweging*, bl. 120.

oor die vraag: „Of zelf-regering nou goed is of niet?'' Die besprekings is almal in Afrikaans gevoer. Die teenstanders se argument was: „Hoe kan julle zeh dat zelfregering goed is, daar ons nog nooit zelfregering gehad het nie? Hoe kan julle zeh dat een skotel kos lekker smaak als julle nog nooit daarvan geproe het nie?'' Die voorstanders, onder wie ds. Postma en mnr. H. H. van Rooyen, het selfregering egter so aangeprys dat die teenstanders „biekie dronk geslaan (was). Altemet was hul nog bezig met hul skotel kos,'' merk die verslaggewer op. Die voorsitter het ook bekend gemaak dat die vereniging nou sterk genoeg is om 'n eie biblioteek te stig. (Ds. Postma vertel dat president Steyn twee kiste boeke uit Holland verwag en dat hy dit aan die debats-vereniging sal gee.

Vroeg in November het die debatsvereniging sy werksaaamhede vir die jaar afgesluit met 'n gesellige byeenkoms in die stadsaal. Daar was 'n besonder groot opkoms; selfs van die plase het mense ingekom, en o.a. was ook teenwoordig president en mev. Steyn. Die voorsitter het daarop gewys dat die Afrikaners by so 'n geleentheid één voel en hy het gehoop dat hier 'n egte Afrikaanse gemeenskap sou gevorm word. „Wij konden praten zooveel wij wilden

*_Vriend des Volks,_ **30 Maart 1906.**

van macht en invloed, maar zolang wij niet eendrachtig waren zouden wij geen macht en geen invloed hebben.''

Die toespraak van president Steyn het veel byval gevind. Verder is die gehoor vergas op musiek, sang en voordragte, „en het was byna elf uur voordat de laatste gasten huiswaarts keerden.''*

'n Maand later het die Debatsvereniging weer 'n konsert gegee om die fondse van die C.N.O.-skool te styf, en die verslaggewer merk op: „Bloemfontein heeft andermaal zichzelf overtroffen,'' want die stadsaal was driekwart vol.

Die voorsitter (mnr. H. H. van Rooyen) het in sy welkomswoord gesê dat vanaand net twee tale gehoor sal word: Hollands en Afrikaans. „Beiden zijn ons even lief, Hollands de moeder, Afrikaans de dochter.'' Ds. Postma weer, het gemeen dat sulke aande kan bydra tot die vorming van 'n eie Afrikanerkring. Hulle word deur die vyande beskuldig dat hulle 'n partygees onder die Afrikaners kweek, maar daaraan moet hulle hul nie steur nie. „Tot nog toe hadden wij rondgedwaald en sommigen, waren glad verdwaald . . . Verder werd met het koncert beoogd de opheffing van onze moedertaal, dat dusver gebruikt werd om mee

---

**Vriend des Volks,* 6 Nov. 1906.

gek te scheren. Hier zouden vanavond ook grappen gemaakt worden, maar het zouden gezonde Afrikaanse grappen zijn.''*

Sangstukke is gelewer, voordragte gegee, *Die Koekdief* is opgevoer, en ten slotte is die volkslied van Blikoor gesing.

### „*Debatsbond*''

In sy rubriek in die *V.d.V.*, *Oogdruppels,* het ds. Postma weer op 14 September 1906 gepleit vir 'n bond van debatsverenigings, soos hy reeds in sy „manifes'' 'n jaar vroeër gedoen het. Daar word so baie gepraat oor organisasie, maar dit sal een van die beste dinge wees as die debatsverenigings sover kon kom om 'n kongres te hou op Bloemfontein. Dan kon die jeug leer saamwerk en belangstel in vrae van die dag.

„Daar kan ons b.v. praat oor: Die taal van ons land. Die liedere voor ons volkzingverenigings. Uitgaaf van 'n kwartaalse tijdschrift. 'n Program van nuttige zake om in die vergaderings te bespreek. Volkspele, zoals met Dingaansdag. Met een woord, over 101 nuttige onderwerpe wat kan strek tot aankweking van nasionale lewe. Ons kom te min met mekaar in aanraking en daarom kan ons mekaar nie leer en beziel nie. Dit is die rede wat zoveel van ons netnou uitlandse dinge na-aap. Als

---

**Vriend des Volks,* **11 Des. 1906.**

ons eers die zaak in werking zet, dan zal dit van zelf wel loop.''

Toe die eerste poging in Februarie 1906 misluk het om 'n tak van die Afrikaanse Taalgenootskap in Bloemfontein te stig, of liewer, toe hierdie genootskap geen besielende lewenstekens openbaar het nie, het ds. Postma dus weer sy hoop op die debatsverenigings gevestig. Daarom rig hy op 1 Februarie 1907 'n ope brief aan alle debatsverenigings in die O.R.K.

Hy begin: „Ek schrijf aan debatsverenigings in onze ou Vrystaat, omdat ik die op mij hart draagt. Ik het zelf die helfte van mij maatschappelike vorming deur debatsverenigings gekrij, en kan daarom getuig van die nut. Ik zien oral word debatsverenigings opgerig en die doen goeie werk. Maar nou wil ik dat ons zaam werk, volgens ons oue beginsel: Eendracht maakt Macht. Ons moet saamspan om in een gees en een koers te werk.''

Dan wei hy uit oor die maatskaplike betekenis van die debatsverenigings en pleit vir die stigting van 'n debatsbond met 'n jaarlikse kongres, waarop hulle sake kon bespreek in verband met ons nasionale vorming. „Als ons zaam werk en goed werk, kan ons nog die ou land regeer in gezonde Kristelike Nasionale gees.''

Hierdie ope brief word op die vergadering van die Bloemfonteinse debatsvereniging voor-

gelees op dieselfde dag van sy verskyning in die *V.d.V.* (1 Febr. 1907), maar 'n sekere mnr. P. A. Potgieter wys daarop dat so 'n Bond reeds 'n jaar gelede op Winburg gestig is, „en hy gevoelde dat ds. P. deze keer een beetje laat was.''

Op 5 April 1907 rig ds. Postma dan weer 'n ope brief aan al die debatsverenigings en verduidelik daarin dat hy nie geweet het van die Bond wat reeds die vorige jaar gestig is nie. Intussen het hy en die heer J. Pretorius, wat deur die kongres van Trompsburg afgevaardig is om met hom te onderhandel, saam 'n konsep-statute opgestel vir *al* die debatsverenigings, wat hulle sal voorlê op 'n kongres wat eersdaags in Bloemfontein sal gehou word. Op dié wyse kan *al* die debatsverenigings in die O.R.K. dan saamwerk, en nie net 'n klompie nie. Die heer Pretorius rig 'n dergelike brief aan die debatsverenigings en publiseer ook die konsep-statute. Selfs die redakteur van die *V.d.V.*, mnr. J. S. M. Rabie, skryf 'n hoofartikel oor die saak, en spoor die verenigings aan om gehoor te gee aan die oproep. „Zij kunnen het middel worden, waardoor de volksgeest onbelemmerd en vrij van vreemde invloeden, gezond zich ontwikkelt. Dit geschiedt in zekere mate nu reeds; alleen ontbreekt het nog aan leiding en doelbewuste samenstreven, en die leemte kan door zulk een bond aangevuld worden.'' Gesamentlik kan hulle hul dan

toelê op meer Hollands-Afrikaanse toneelvoorstellings, bevordering van musiek en sang en die aankweek van leeslus.

Hierdie kongres het dan ook werklik plaasgevind, vroeg in Julie 1907. Ds. W. Postma het die verrigtinge met gebed geopen en die afgevaardigdes verwelkom. „Het was voor hem een blijde dag. Het was bijna twee jaar lang dat hij uitgezien had naar een dag als deze.''* Die stryd met die wapens is verby, maar nou is daar 'n geestelike stryd teen die vreemde invloede, wat die Afrikaner wil ontvreem van sy tradisies. Die Afrikaner moet histories ontwikkel op Christelik-Nasionale grondslag. Elke Afrikaner moet sy plig doen, en op dié kongres sal groot dinge gedoen word.

Ds. Postma is met algemene stemme tot voorsitter van die kongres gekies, en tot sekretaris mnr. J. C. Pretorius. Byna al die takke oor die hele Vrystaat was verteenwoordig. Op voorstel van mnr. H. H. van Rooyen het die vergadering besluit tot die stigting van 'n debatsbond. Daarna is die konsep-statute artikelsgewys behandel. Ná 'n warm diskussie word besluit dat die amptelike taal, „Hollands en Afrikaans,'' dus twee tale, sal wees.

Volgens die statute, sal die naam van die Bond wees: Bond van Vrystaatse Debatsverenigings. Doel: Bevordering van eenheid en

*Vriend des Volks,* 12 Julie 1907.

samewerking tussen debatsverenigings wat streef om 'n Christelik-Nasionale volksgees aan te kweek. Om dié doel te bereik, sal die Bond daarna strewe om deur (a) vergaderings van aangeslote verenigings en (b) die hou van 'n jaarlikse kongres, (c) die uitgee van 'n tydskrif, die verstandelike vermoëns van die lede te ontwikkel en 'n Christelik-nasionale volksgees aan te kweek. Dit word verder bepaal dat verenigings hulle nie sal bemoei met politieke en kerklike aangeleenthede nie. Tot lede van die Sentrale Bestuur is gekies: ds. Postma, voorsitter, ds. C. D. Murray, onder-voorsitter, J. C. Pretorius, sekretaris, en H. L. Pepler, penningmeester.

Die redakteur van die *Vriend des Volks* het weer 'n hoofartikel geskryf en verklaar dat dit werklik 'n genot was om dié kongres by te woon. „De afgevaardigden waren allen mannen in die kracht huns levens — bezield door een gezonde nationale geest en warme liefde voor de Afrikaanse zaak . . . Jong Afrika leeft en streeft vooruit.''

Tydens die kongres is daar 'n gesellige aand vir die afgevaardigdes gereël deur die Bloemfonteinse tak. Di. Postma en Murray het kort toesprakies gehou, en daarop het die heer Haarburger hom bereid verklaar „de aanwezigen te vergasten op enige stukken van zijn gunstig bekende gramofoon.'' Dis eienaardig, sê die

verslaggewer, dat byna alles wat die aand ten gehore gebring is, in „Ons Taal'' was. So het die heer Borstlap „'n zeer grappige storie op zang'' voorgedra: „Die Kat kom trug.''

Die verenigings het nou voortgegaan en gewerk volgens 'n vaste program van aksie. Op die platteland veral het hulle veel invloed uitgeoefen om die Afrikaners nasionaal bewus te maak en te stry vir die erkenning van hulle taalregte veral. Dit lyk egter of die plan van 'n eie tydskrif nie gou verwesenlik is nie, want op 21 Januarie 1908 skryf ds. Postma as dr. O'kulis in sy rubriek *Oogdruppels* dat hy vandag se jongmense nie verstaan nie: as jy praat van vyf sjielings vir 'n saak, dan skrik hulle so dat jy meer as vyf sjielings aan hulle moet spandeer om hulle weer reg te kry.

„In ou Dokter se jong dae het ons ook 'n tijdskrif gehad. Ons het ook hot en haar geleh oor die ding en toen dit nie anders kon, het ou Dokter maar weg geval en die tijdschrif geschrijwe, ik en 'n paar maats, en dit op 'n soort pap afgedruk. Later het ons 'n ander soort gereedschap, wat biekie makliker was, en nou druk my kleinkinders 'n gawe tijdschrif. Klein begin, maar goed begin en aanhou is die ou boer manier om die ding te doen. Als die bonds broeders en zusters maar net wil, dan kom alles reg. Laat elke tak 'n kollekte hou daarvoor, ook buiten die lede by warme Afri-

kaanders, en laat die lede name en geld vijf sjielings stuk, insamel en daarvan kennis gee. Is die geld daar, dan geef ons kennis aan die bestuur en dan zal julle 'n ding zien.''

In Augustus 1908 het die debatsverenigings weer 'n kongres gehou, en ná baie beraadslaging eindelik tot 'n vergelyk gekom oor die statute. In sy *Oogdruppels* (18 Aug. 1908) wei dr. O'kulis na aanleiding van die kongres weer oor 'n tydskrif uit. Hy sê o.a.: „Dit lijk of die tijdschrif nou ook kan tot stand kom. Als ou Dokter die jongmense kan raai, dan is dit om hulle krag in die tijdskrif te zet. Ons moet met mekaar saam leef als een lichaam en dit kan ons alleen deur ons eige tijdschrif. Buitendien krij ons daarin alle nodige en nuttige leesstof tot ontwikkeling en ons leer, deur die gees wat in die tijdschrif heers, eners denk en eners doen. Ons moet zoiets heh anders verloop die meeste debatsverenigings vroeer of later in 'n ijdelheids kermis, eenvoudig deur bloedarmoede. Die tijdschrif is 'n bloedversterker. Spaar nou 5/- in die jaar vir iets goeds.''

Toe die Akademie in 1909 in die lewe geroep is, het die Unie van Debatsverenigings van die O.V.S. daarby aangesluit. In die Akademie-Jaarboek van 1913 lees ons dat die Unie 24 takke gehad het met 'n gesamentlike ledetal van 685, maar dat die tydskrif van die Unie,

*Jong Zuid-Afrika,* net pas gestaak is. 'n Jaar later rapporteer die sekretaris van die Unie aan die Akademie dat hulle ledetal nou 700 is en dat die verskillende takke gedurende die afgelope jaar meer as honderd vergaderings gehou het. Die Unie is bereid om die Akademie te steun deur die hou van voordragte, voorlesings, taalwedstryde, die verspreiding van Hollandse en Afrikaanse lektuur, maar die Unie is nie by magte om die Akademie finansieel te steun nie. Hierna het die debatsverenigings nie meer veel van hulle laat hoor nie. Geleidelik het hulle invloed egter afgeneem, veral in Bloemfontein, en dit deur die herlewing van die Afrikaanse Taalgenootskap en die bloei van die nuwe vereniging *Onze Taal.* Laasgenoemde vereniging het hom geroepe gevoel om die taalbelange te behartig, sodat die debatsvereniging se werksaamhede ingekrimp het. Tog het die debatsvereniging 'n groot en nuttige werk verrig in 'n tyd toe die Afrikaners geestelike voedsel bitter nodig gehad het.

### (b) Die Afrikaanse Taalgenootskap

Die Vrystaatse Taalbeweging is aan die gang gesit deur ds. Willem Postma, wat onder die skuilnaam Jong Afrika en dr. O'kulis geskryf het. Hy het na Bloemfontein gekom toe ons volk nog lam was van die oorlog (1899-1902), op 12 Mei 1905. Sy kragte het hy dadelik ingewerp by die pogings om die Afri-

kaners weer op te hef en sterk te maak vir die toekoms. Die toenmalige redakteur van die Hollandse deel van die *Friend,* Johannes Visscher, het gou opgemerk dat ds. Postma oor besondere talente beskik en het hom gevra om kort stukkies te skryf in sy blad oor die vrae van die dag. Toe die eerste stuk in klad klaar was, het hy dit aan die oordeel van die redakteur onderwerp, wat so in sy skik was daarmee dat hy dit dadelik in sy oorspronklike vorm geplaas het. Dit was effens teen die sin van dr. O'kulis, want hy wou dit nog eers 'n bietjie geskaaf en gepoleer het.

In 1905 het sy manifes oor die Afrikaanse taal onder die skuilnaam „Jong Afrika'' in *De Vriend* verskyn (vanaf 2 Junie). Hy het hulle gedeeltelik reeds in 1903 opgestel, behalwe die derde en laaste (*Doen is die Ding*).

Dr. O'kulis het hierdie artikels selfstandig en sonder die voorkennis van G. S. Preller se artikels in *De Volkstem* (1905) geskryf. Maar soos Preller se beroemde artikels *Laat het ons toch Ernst wezen!* die manifes was vir die sg. Tweede Afrikaanse Taalbeweging in Transvaal, so was dié van dr. O'kulis die manifes vir die Beweging in die Oranjerivier-kolonie, ten spyte van die feit dat hulle meer as 'n maand later verskyn het as Preller s'n. Hieruit blyk dit al dadelik dat dr. O'kulis die siel van die nuwe Vrystaatse Taalbeweging was.

Hierdie „pleitredes vir die regte van Afrikaans'' het in briefvorm verskyn. „Jong Afrika'' begin as volg: „Dis mij 'n eer en 'n behoefte van mij hart om die pen voor die taal van mij moeder op te neem, ja om desnoods daarvoor te strij.'' Hy wil Afrikaans skryf en praat soos die Afrikaners dit gebruik, en wil nie afdaal tot die peil van Jantjie en April nie, want dit hinder hom altyd as Afrikaans net vir grappige doeleindes gebruik word. Die taalkwessie beskou hy as van die grootste belang vir die toekoms van ons volk.

Met gegronde argumente toon hy aan dat Afrikaans 'n eie bestaansreg het, al verskil hy van Nederlands, want Afrikaans het saam met ons volk tot 'n selfstandige taal ontwikkel. „Dit gaan dan tog nie om nou ook maar te smaal op die Afrikaans en dit op sij te skuif alsof Hollans alleen 'n plekkie het en moet heb hier in ons land,'' en waar die taal met die volk en in die volk gegroei het, dit nou sommer te wil uitruk met wortel en tak: „dis 'n onmooglikheid en 'n dwaasheid.'' Ander nasies is trots op hulle taal, maar ons skaam ons vir ons beste skatte en talente! Ons taal moet offisieel erken word; nie in die eerste plaas deur geleerdes en die regering nie, maar eers deur die volk en hulle sal alle departemente dwing om Afrikaans te erken, want 'n taal kan nie vermoor word deur miskenning of deur die landswette nie. Afrikaans word nie erken in

die eksamens, in die kantore of kerke nie, en tog praat die meeste predikante en dokters dit sodra hulle die geleentheid kry. „Hoe is ons dierbare taal nie al gespot en deur die modder gesleep nie,'' en tog leef hy en is nog baas, ten spyte van die feit dat Engels en Hollands bevorder word op alle moontlike maniere. Afrikaans is die enigste spreektaal: „met die nooiens het ons dit gepraat, ook met ons liefste, toe ons haar die grootste geheim openbaar het.''

„Jong Afrika'' wys daarop dat ons Hollands nie meer korrek kan skryf of praat nie, en omdat op Afrikaans met veragting neergesien word, neem baie mense hulle toevlug tot Engels. „Ik wil Hollans nie verag of verstoot nie, maar ewe min mij land opdring als mij eie taal. Bij mij staan sake soo: Afrikaans nommer een, en Hollans nommer twee, Engels nommer drie . . . Ik wil nog die dag belewe dat Afrikaans sij regte plek sal krij en dat editeurs, predikante, advokate en die hele span 'n wedstryd sal aanvang om Afrikaans te vereer en te gebruik, dat taalgeleerdes sal navors om die taal heeltemal wetenskaplik te behandel; dat digters en redenaars onse taal sal doen skitter met 'n glans onoortreflik.''

Hoe optimisties klink dit nie, en hoe gou is hierdie profesie nie bewaarheid nie! Hier is geen krakende skeldtaal nie, maar met liefde oortuig hy sy lesers van die deugdelikheid van

Afrikaans, wen hy hulle simpatie en belangstelling.

In die tweede artikel (16 Junie 1905) behandel „Jong Afrika'' die geskiedenis van die Afrikaanse taal en verklaar hy die ontstaan daarvan volgens die beginsel van spontane ontwikkeling. Hierdie teorie sal hy later breedvoeriger uitwerk in *Die Brandwag* van 1912 en veral op die rol van die kind wys. „Ik beweer . . . dat onse grondtaal nie 'n dialek is nie, maar 'n taal geform deur samesmelting van dialekte.''

Die derde en laaste artikel (*Doen is die Ding*) van 30 Junie 1905, handel oor die erkenning van die taal deur die volk, en die middele daartoe. Hy stel m.a.w. 'n program van aksie op. Vooraf verduidelik hy: „Ik wou net mij laaste stuk in die reeks oe'r onse taal skrijwe, toen ik die *Oproeping* van die heer Preller onder oo'e kry. Nou ik stem daarmee in, en dit is juis een van die noodsakelike dinge wat ik wou voorstel om onse saak te bevorder.

„Ik begin dus met die oproeping en wil ten sterkste aanraai dat daaraan van alle kante gevolg word gege. Ons hoef nie 'n groot lawaai te mak nie, maar soals 'n vriend mij in die week skrywe: ‚Ons moet maar so stadig en stil molik te werk gaan totdat ons 'n vaste stelsel het waar ons op kan gaan'.''

Hy het al aan die vernaamste taalkenners

geskrywe om 'n konferensie te hou om die spelling te reël. Hulle het gunstig geantwoord. Dan moet hulle die hele volk wakker skud en somaar dadelik begin om onder mekaar Afrikaans as spreek- en skryftaal te gebruik.

„Vrinde, laat ons tog ons eie goed gebruik. Waarom sal ons tog onsself soo martel met 'n taal wat ons nie ken nie?'' Alleen 'n bekrompe mens sal dit ons kwalik neem as ons ons eie taal gebruik, en sy opinie sal ons nie slegter maak nie. Hy het pas twee briewe ontvang van vriende wat Hollands ken, maar die een maak reeds in die eerste sin 'n fout en sê: „Kijk, daar is nou alweer 'n fout in mij Hollans, ik sal maar Afrikaans skrijwe.'' Hy ken wel Hollands, maar dit is nou eenmaal nie sy taal nie, en dit bly vir hom 'n stuk „kopwerk.'' Die tweëde een skryf: „Ik het 'n tamelike edukasie gehad, niks bisonders nie, sover als matriek, en glo mij dit val mij maar baia lastig om 'n ordentelike Hollanse brief te skrijwe sonder foute, en hoe moet dit nou gaan met ander jong mense van ons folk wat mij voorregte nie had nie?''

Jong Afrika het ook nie baie lus om Hollands te praat nie, „omdat ik 'n swak hart het en nie die gedurige angs kan uitstaan nie wat die Hollans mij veroorsaak, en ook nie tijd nie om in Van Dale of Koenen te boer nie . . . Mij Hollans verag ik nie, nee, dit is mij 'n ekstra skat wat ik *op rente uitset* ver Afrikaans.''

Laat ons Afrikaans praat en skrywe, sê Jong Afrika, en dit sal aansteeklik werk — dit sal die mode word. Die koerante wil maar te graag Afrikaanse stukke plaas, en dis die volk se skuld as daar niks in Afrikaans verskyn nie. Daarom moet soveel mense as kan, Afrikaanse bydraes lewer. Ons moet die voormanne nie toelaat om hulle ongrammatikale Nederlands te „brou'' nie, want „waarom moet ons nou van ons gekke maak? Dit *hoef* nie. Dit moet anders.''

Hy stel voor dat alle debatsverenigings Afrikaans as offisiële taal aanneem en soveel moontlik Afrikaanse voordragte, resitasies, ens., lewer. „En kon ik mij doel bereik dat al die debatsverenigings onderling verenig in 'n Bond, dan kan ons op 'n Kongres die saak aanpak, en dan weet ik: daar is geen mag op aarde wat ons sal keer nie om te win met onse taal.''

Hy sien dus dat die krag van die Afrikaanse Taalbeweging lê in die vereniging van georganiseerde liggame. Afrikaans moet wen, anders sal die Afrikaners Engelse word en Engels praat, en 'n volk wat sy taal verag, is 'n volk sonder karakter en toekoms. Dit is nou die tyd om Afrikaans ons taal te maak, want die geroep gaan uit van alle oorde in ons land. „En wie sal ons keer? Niemand, geen wet, geen mag, geen geweld!''

Hierdie manifes van die Afrikaanse Taalbeweging in die Oranjerivier-kolonie het soveel

instemming geniet dat ds. Willem Postma, D. F. du Toit (Oom Lokomotief) en Johannes Visscher hulle as 'n voorlopige komitee gekonstitueer het om die bal aan die rol te sit, om die beweging te probeer organiseer, „om tot eenheid en tot werk te kom.'' Hulle nooi al die voorstanders van Afrikaans in die Vrystaat en Kaapkolonie uit om hulle name op te stuur, en dan kan 'n konferensie op 'n geskikte plek gereël word „om planne te maak hoe die beweging verder te werk en ons taal, Afrikaans, te maak tot die erkende skryftaal van ons Afrikaanse Volk.'' Dan kan hulle 'n genootskap stig om die kennis te bevorder deur prysvrae uit te skryf, goedkoop volksboekies te laat druk, „en party ander dinge meer.'' Almal wat instem met die leuse van Preller: „Afrikaans praat en skryf; Hollands, leer, albei lees!'' is welkom.''*

Die Oranjerivier-Kolonie was ryp vir die beweging, en manne soos Visscher en Postma het die kragte in die regte kanaal gestuur, het leiding gegee. Die *Vriend des Volks* (vanaf 3 Okt. 1905) was 'n wapen in die hand van die redakteur, Johannes Visscher, en nou begin hy Afrikaans te skryf in die hoofartikel-kolomme van sy blad. Die eerste Afrikaanse hoofartikel verskyn op 7 Julie 1905 „om in die eerste plaas te wys dat ons Afrikaans nie beskou word as

**De Vriend,* **4 Aug. 1905.**

'n kombuistaal nie: daarom het ons dit die slag in die voorkamer geset.''

Van verskillende kante is briewe ontvang om hulle instemming te betuig met die strewe van die voorlopige komitee. So skryf iemand uit Heilbron o.d. 11 Augustus 1905 aan *De Vriend*: „Die beweging om Afrikaans te maak tot die erkende schrijftaal van ons Afrikaanse Volk is goed en verdien die ondersteuning van alle Afrikaners, die streef om liefde aan te kweek voor ons volk en moedertaal.'' Hy waarsku egter ook dat hulle nie oorhaastig te werk moet gaan-nie, en herinner aan die dood van die Genootskap van Regte Afrikaners. „Die taal die die heer S. J. du Toit van die Perl b.v. aangegee het als schrijftaal is geheel en al onpasselik en ongewenst voor ons volk. Mijns insiens het hij die taal te eenvoudig en plat gemaak.'' Om te toon dat ook in Afrikaans gedig kan word, stuur hy aan die redakteur 'n lang gedig bestaande uit vyf-en-twintig koeplette. „Die versjes is op Ceylon tijdens ons ballingschap deur een warme voorstander van ons moedertaal geskrewe en die schoonheid van die taal is bijna in elk versje te zien.'' In hierdie gedig klink daar 'n helder stem op. Hier is iemand aan die woord wat uit oortuiging spreek!

*„Myne moedertaal is Afrikaans!*
*Praat jij maar wat jij wil;*
*Als jij een ander taal wil praat,*
*Blij ons altijd verskil.*

*„Die mengelmoes wat jij begeer,*
*Laat mij van afskuw gril;*
*Jij frommel al die tale saam*
*En sluk hul als een pil.''*

My moedertaal is Afrikaans in skool en kerk, maar waarom gebruik jy 'n vreemde taal as jy bid? Afrikaans sê jy, het geen literatuur nie, maar ons gaan nog een kry; ook is Afrikaans geen „Hotnotstaal'' nie, en as jy my spot, word ek vir jou „nes ver een vrot ding vies.'' Vroeër was ek ook skaam vir my taal, maar nou nie meer nie.

*„Zuid Afrika, mij Vaderland!*
*Al is ek nou aan dwaal.*
*Zuid Afrika, mij eie Land!*
*En Afrikaans mij taal!''*

P. D. C. Grabe skrywe o.d. 25 Augustus 1905 dat hy die oproep van die komitee gesien het, en „julle moet tog nie dalk vergeet om mij naam ook op te zet nie, julle weet mos ik is 'n voorstander van ons Taal.'' Hy dink ook hulle moet oor die uiters belangrike saak „skrywe en vrijwe'' om die slapendes wakker te maak. Die enigste redmiddel vir ons om as 'n volk voort te bestaan, is om ons taal te behou. Nou sê sommige mense dit is 'n „hotnots-taal,'' maar dit is uit blote onkunde. Breedvoerig verhaal hy hoe hy tot bekering gekom het om Afrikaans as sy moedertaal te aanvaar.

Ds. W. Postma klae in die *Vriend des Volks* (6 Okt. 1905) dat hy verplig is om die pen weer op te neem, omdat hy in verdenking gebring is, en dit deur sy beste vriende, naamlik prof. De Vos en sy geesverwante. Die mense stel dit so voor asof Nederlands en Afrikaans vyandig teenoor mekaar moet wees, terwyl hulle juis dieselfde doel het en een gesamentlike vyand (Engels) beveg. „Hulle wil alles wat die taal en nasionaliteitsgevoel van die volk kan bevorder, aanwende. Ons ook.'' Dis bitter jammer dat daar nou verdeeldheid is in die geledere.

„Wat die Schoolblad in zij inleidingsartikel daarvan zeh, is nou met een woord onbesuisd . . . Wie van ons het ooit gezeh of gedroom om Hollands opzij te skuif, nog meneer Preller, nog ‚Jong Afrika' rep daar 'n woord van.'' Hulle veg vir Afrikaans, omdat dit die behoud van die Afrikaanse nasionaliteit beteken. „En ik voor mij part gaan mij niks bekommer oor die taal nie. Als Afrikaans nie lewendig en kragtig genoeg is om homzelf staande te hou nie, wel dan gaan ik hom nie met 'n kloppende hart vashou, en in 'n broeikas bewaak nie.

„Ik het die grootste vertrouwe in die taal. Hy is taai, zoo taai als 'n kat, en 'n kat kan taai wees. Dan nog het ons ook nie 'n plan om die regering en skoolmeesters storm te loop met 'n manifest of met 'n petisie, om hulle die taal

nou al op te dring. Nee die taal zal hulle vanzelf inneem en omkeer. Buitendien is die hele zaak zoo verkeerd voorgesteld om te maak als of ons tegen mekaar is, want ons is van plan om heelpartij van die reels van die taalvereenvoudiging over te neem en te gebruik. Om die zaak nou zinnebeeldig voor te stel, per slot van rekening: dit gaat ons en onze vriende nou zoo als met 'n jonkman wat zin in 'n nooi het; hy wil die nooi oortuig dat hulle voor mekaar gemaak is, en 'n goeie paar zal uitmaak, iets wat die nooi nog glad nie wil weet nie, maar later tog moet en zal toestem. Dan kom daar aangename ontboezemings en 'n huwelik, en uit die huwelik ontstaat dan 'n frisse, kragtige geslag. Onze vrinden zal ons nog erken als hulle beste vrinde, en als ons zaamwerk zal ons altwee gezegende vrugte van ons arbeid zien. Mag dit spoedig gebeur!''

In Desember 1905 is die Afrikaanse Taalgenootskap in Pretoria gestig, en hulle wou die Vrystaat, Natal en Kaapkolonie aan die brand steek. Daarom is een Nataller, 'n paar Vrystaters (o.a. Johannes Visscher) en Kolonialers op die komitee geplaas. Nou doen die Vrystaatse komitee o.d. 30 Januarie 1906 weer 'n oproep in die *Vriend des Volks*: „Vrinde, hoe lyk dit? Is julle warmte om 'n genootschap tot bevordering van die Afrikaanse taal al weer gekoel? Is dit nou altemet nie tijd nie om biekie bij makaar te staan? Wanneer begin die Afri-

kaanders op Blomfontein? Wanneer zal ons op Blomfontein 'n klompie mense bij makaar krij wat nie tevrede is om maar altoos agter die Engelse hul konserte aan te loop, maar zelf ook 'n slag iets wil doen?''

As daar dan nog persone is wat belangstel in hulle taal, dan moet hulle Vrydagaand, 2 Februarie 1906, na die Vrye Skool in Zastronstraat kom en 'n tak stig van die Afrikaanse Taalgenootskap. „Die genootschap vra net jou steun, jou werk, nie jou geld nie.'' Gesellige aande sal georganiseer word en nuttige leesstof uitgegee en versprei word.

Die vergadering is gehou, en as doel is neergelê om „deur gereëlde byeenkomste van die lede by te dra tot onderlinge vorming en algemene ontwikkeling en tot betere kennis van die volkstaal, — literateur, — geskiedenis en tot algemene nasionale belange. Ds. Postma is nie gekies op die bestuur nie.* Net twee-en-twintig persone het op die stigtingsvergadering as lede toegetree en net veertien as werkende lede. „Die hele beweging in die Transorangia het geen besielende lewenstekens openbaar nie. Ds. Postma skyn ook nog meer geloof aan sy eie program te heg, en in die loop van die jaar (1906) wend hy daadwerklik 'n poging aan om 'n Bond van Vrystaatse Debatsvereniginge in

***Visscher het as voorsitter opgetree en H. H. van Rooyen as sekretaris.**

die lewe te roep, wat ook plaasvind in 1907, maar toe word ná 'n warm diskussie besluit dat die amptelike taal Hollands-Afrikaans, dus twee tale sal wees."*

Die A.T.G. het o.d. 26 Oktober 1906 in die *V.d.V.* bekend gemaak dat hulle, deur die belangstelling van enkele lede daartoe in staat gestel, besluit het om die som van agt pond uit te loof vir die beste oorspronklike Afrikaanse storie, en twee pond vir die beste Afrikaanse gedig. Die Genootskap is 'n vereniging vir die beoefening en verdeling van die Afrikaanse taal, en daarom moet die stories sowel as die gedig in Afrikaans gestel wees. Ook die tema moet nasionaal wees.

In 'n inleidingsartikel spoor die redakteur van die *V.d.V.* sy lesers aan om mee te ding, want „die taal is nu eenmaal daar. Zij is onze algemene spreektaal. Sommigen noemen haar met verachting een dialect, een kombuistaal en wie weet wat al meer, en anderen, die beter behoren te weten, praten dit na, zonder te denken. Intussen blijft het Afrikaans onze spreektaal, en naarmate het Afrikanerdom zich ontwikkel, zal ze ook langzamerhand worden de schrijftaal van ons land."

Die reaksie op hierdie prysvraag is ons nie bekend nie. Die redakteur van die *V.d.V.* het

---

*G. S. Nienaber: *Die Afrikaanse Beweging,* bl. 132.

intussen voortgegaan om propaganda te maak vir Afrikaans. So versoek hy sy lesers om die verslag van die stigtingsvergadering van die A.T.V. in Kaapstad aandagtig deur te lees „en ons dan te zeggen of zij het hart niet sneller voelen kloppen, of zij niet nieuwe moed hebben voor het behoud van de Hollandse taal in Zuid-Afrika.'' Die taalbeweging is nie meer die werk van een of twee persone nie, maar dit is 'n volksbeweging. Wat meer is, daar word nie meer net gepraat nie, maar ook gewerk.

Die A.T.G. van die Vrystaat het dus 'n kwynende bestaan gevoer, en dit is eers nadat die A.T.V. van die Kaapkolonie lewenskragtigheid openbaar het, dat die Vrystaters weer vuur gevat het. In die *V.d.V.* van 20 November 1906 word die Bloemfonteiners weer uitgenooi om 'n openbare vergadering op 30 November in die Gedenksaal by te woon ter bespreking van die taalbeweging. „Mogelik kan er bij die gelegenheid een tak gesticht worden van de Taalvereniging of het Taalgenootschap.''

Die vergadering was „'n aangename verrassing voor allen, die het genoegen hadden aanwezig te zijn,'' berig die verslaggewer van die *V.d.V.* (4 Des. 1906). Die opkoms was groter as wat die mees hoopvolle persoon kon verwag het: daar was omtrent tweehonderd persone (en daaronder enkele dames''). Daar was selfs besoekers van Brandfort en Kroon-

stad, en verwytend het die telegram van G. S. Preller geklink: „Veel sukses vergadering. Mog alle blikore ope gaan.'' Genl. Hertzog was voorsitter, en ds. W. Postma het vir meer as 'n uur gepraat en is voortdurend toegejuig. Mnr. J. S. M. Rabie het die konstitusie van die A.T.V. voorgelees, en met algemene stemme het die vergadering besluit om 'n dergelike vereniging op te rig. Deur die vergadering is 'n kommissie benoem om 'n reglement op te stel en aan 'n volgende vergadering voor te lê.

In sy welkomswoord het genl. Hertzog gesê dat ons eindelik sover gekom het om te besef dat ons taal iets meer beteken as om net grappies daarin te maak. Ons volk het eindelik geleer om sy taal te respekteer. Daar is drie redes waarom ons ons taal moet handhaaf: 1. Alleen deur middel van ons eie taal kan ons ons kinders die opvoeding gee wat hulle nodig het. 2. Solank aan ons taal die regte ontsê word waarop dit regmatig kan aanspraak maak, „zo lang zou die innige samenwerking niet kunnen bestaan, die nodig was om ons een groot volk te maken. Het was totaal onmogelik om samen te werken met iemand die toonde dat hij die taal verachtte. Iemand die tekort komt in respekt aan de taal waarin ik opgegroeid ben, komt ook tekort in respekt jegens mijzelven, en zolang er geen respekt is, kan er ook geen vriendschappelike samenwerking zijn van het volk van Zuid-Afrika met de